

1. LEES EN BESPREEK die inhoud van die volgende 2 Skrifgedeeltes:

**Eseg 3 : 18 – 21** “Wanneer Ek vir ’n goddelose sê hy gaan sterwe, en jy waarsku hom nie, jy praat nie en jy waarsku nie die goddelose teen sy bose optrede om hom so in die lewe te hou nie, dan sal hy deur sy sonde sterwe, maar Ek sal van jou rekenskap eis vir sy dood. <sup>19</sup> As jy hom waarsku en hy bekeer hom nie van sy goddeloosheid nie, van sy bose optrede nie, sal hy deur sy sonde sterf, maar jy sal jou eie lewe behou. <sup>20</sup> “En wanneer iemand wat tot dusver reg gelewe het, die regte lewe laat vaar en onreg doen, en Ek bring hom tot ’n val, sal hy sterwe. Omdat jy hom nie gewaarsku het nie, sal hy deur sy sonde sterf en sal die goeie dinge wat hy gedoen het, nie onthou word nie, maar Ek sal van jou rekenskap eis vir sy dood. <sup>21</sup> As jy hom waarsku om nie te sondig nie, en hy sondig nie, sal hy bly lewe omdat hy sal jou eie lewe behou.”

**Matt 28:19-20** “Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en <sup>20</sup> leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.”

2. “Sending”, “Evangelisasie”, “Uitreik”, “Getuienis”: **Watter een** is die belangrikste? Aan watter een moet die meeste tyd/geld spandeer word? **OF IS ALLE MANIERE VAN UITREIK** ewe reg/ewe belangrik/ewe noodsaaklik?
3. **HOE** moet die Blye Evangelie/Goeie Nuus aan ander meegedeel word? Slegs bv deur-tot-deur loop en vertel, of is daar ander maniere?
4. **WIE** kan/moet die Blye Evangelie/Goeie Nuus aan ander meedeel? Slegs diegene wat hierdie gawe het / opleiding ontvang het / al lank ’n Christen is?
5. **OP WATTER WYSE en WAAR** kan julle as Omgeegroep saam die Goeie Nuus van Jesus Christus aan ander meedeel? **Het julle as Omgeegroep al ’n spesifieke projek** waar julle ander se behoefte aan brood (materiële dinge) en Brood (Jesus Christus-sien Joh 6) probeer aanspreek? **Indien julle nog nie iets spesifiek het nie, besluit waar (en hoe) julle betrokke gaan raak.**
6. Dink aan praktiese maniere waarop **jy as persoon/julle as gesin** die Goeie Nuus aan ander kan meedeel?
7. Vanoggend by die erediens het Alta Glas vertel van haar werk en uitdagings in Kambodja. **Bid asseblief spesifiek vir Alta, maar ook vir die ander sendelinge en sendinggebiede** waarby ons as gemeente betrokke is. Bid asseblief ook dat **genoegsame geloofsoffer-beloftes** volgende week gemaak word om voort te gaan om ons sendelinge in 2015 finansiëel te ondersteun.